

Woensdag 11 Januarie

Skrifgedeelte: Esegïel 47:1-12 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Esegïel 47:9c

Die oorvloedige lewe deur die Gees

Wat 'n wonderlike visioen is dit wat Esegïel gesien het: 'n skouspel van water wat onder die drumpel van die tempel uitstroom. Dit vloei al hoe dieper en bring lewe vir alles en almal wat daarmee in kontak kom. Onmiddellik herinner dit aan Jesus se woorde: “Met die een wat in my glo, is dit soos die Skrif sê: ‘strome lewende water sal uit sy binneste vloei.’ Hiermee het Hy na die Gees verwys, want mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang” (Joh. 7:38, 39).

Ons het dus hier 'n profesie oor die bedeling van die Heilige Gees, en dit illustreer die effek wat die kerk van die Here in die bedeling ná Pinkster op sy omgewing sal hê. As mense wat tot geloof in Jesus gekom het, is ons soos 'n rivier wat al hoe dieper vloei. Elkeen wat hom/haar aan hierdie stroom oorgee, lewe al dieper in die Heilige Gees. Ons het nie meer die behoefte om self in beheer van ons lewe te wees nie ... om die grond onder ons voete te voel nie. Ons het die rykdom van die lewe deur die Gees geleer ken. Dis 'n lewe van oorvloed – met al die soorte diere, baie vis en allerlei vrugte en blare wat versadiging en genesing bring. Hierdie lewe het sy oorsprong in die tempel van God, in die teenwoordigheid van die Here.

Moenie jou daaglikse persoonlike omgang met die Here verwaarloos nie. Dit is daar waar jy deurlopend bemagtig en toegerus word om 'n seën te wees vir almal met wie jy vandag in aanraking kom.

Sing: Psalm 63:1, 3 (1936)

Ds. PA (Piet) Venter (Emeritus)